

Inhoud Jesus Christus het die middelmuur van skeiding, die wet van God, afgebreek deur die Middelaar vir Jode en goddeloses te word. Daarmee het Christus 'n einde gemaak aan die twee kante van afgodsdienste – die godsdienstige kant van goddeloosheid en die goddelose kant van afgodsdienste. So het God 'n einde gemaak as die skeiding van God se soet en stout kinders. Soet mense moet hulle soetheid los as die wyse waarop hulle God se liefde kry en die stout mense moet hulle goddelose liefdes los as die wyse waarop hulle God met sonde probeer liefhê. Deur Jesus Christus in die geloof te omhels verdwyn die skeiding van godsdienstiges en goddeloses binne in die afgodsdienste van die wêreld en is Christene een kerk.

Skriflesing Efesiërs 2: 11 – 21; 4: 1 – 6.

Teks Efesiërs 2: 15. 16 “Hy het die wet met sy eise en reëls tot niet gemaak, sodat Hy, in Homself die twee tot een nuwe mens kon skep ...”

Tema Christus maak twee, Jode en heidene, een liggaam.

1. Paulus skryf die brief Efesiërs uit die tronk in Rome aan die gemeente in Efese, vandag se Turkye. Die brief Efesiërs sou soos Paulus dit aan die gemeente Kolosse versoek het met die brief Kolossense wat hy in dieselfde tyd in die tronk aan hulle geskryf het (Kol. 4: 16) aan al die ander gemeentes gestuur gewees het wat tydens sy evangelie-bediening in Turkye en Griekeland ontstaan het.

In al hierdie eerste Christelike gemeentes het Jode en heidene 'n nuwe godsdienstige gemeenskap gevorm. Dit was die besondere van hierdie gemeentes: Jode het hulle Joodse godsdiens gelos en heidene het hulle afgodsdienste gelos om saam een liggaam te wees.

In Efe. 2: 15 kondig Paulus aan hoe dit gebeur het dat Jode hul Joodse godsdiens en heidene as hulle afgode gelos en een nuwe gemeenskap gevorm het: “sodat Hy deur vrede te maak twee tot een nuwe mens kon skep” Hulle is 'n nuwe mens wat God geskep het. Dit stel Paulus in aansluiting by Efe. 2: 10: “ Ons is Christus se maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het te doen en daarvolgens te leef.” Christus maak Jode en heidene een nuwe mens deur die middelmuur van skeiding, deur sy liggaam af te breek. (2: 14)

Wat is die middelmuur wat Jode en heidene as 'n muur van vyandskap skei? Daar kan hier geen onduidelikheid wees nie – dit is God met die Tien gebooie: “die wet met sy eise en reëls.” (2: 14) Hierdie is nie Jode of heidene met hulle Joodse of heidense wettiese godsdienstige reëls nie. (Kol. 2: 20- 23) Paulus stel duidelik dat Jesus Christus met sy liggaam die vyandskap van God aan die kruis vernietig het. (2: 16) In Gal. 3: 13 stel hy dat dit God se vervloeking is wat Christus aan die kruis in ons plek gedra het, en so ons deel van God se seën gemaak het. Met sy liggaam as vervloeking neem Hy God se vyandskap vir sonde weg. In Kol 2: 14 stel hy dat “Hy het die skuldbewys met sy aanklagte teen ons uitgewis en blywend weggeneem, toe Hy dit aan die kruis vasgespyker het” Christus neem God se vyandskap waarin Hy ons met die Tien Gebooie aankla, veroordeel, straf en verwerp, vir altyd weg. So

is Hy die Middelaar wat die middelmuur van God se vyandskap afbreek. (1 Tim. 2: 5, 6)

2. Hoe is God met die Tien Gebooie die middelmuur van skeiding en vyandskap?

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig. Daar is twee maniere waarop kinders deur die afdwing van gesag in 'n ouerhuis reageer. Die soet manier en die stout manier! Soet kinders probeer so soet wees dat hulle die vrede bewaar en vrede skep deur soet te wees. Sout kinders aanvaar daar sal nooit vrede sal wees nie, maak vrede met die vyandskap teen hulle wangedrag en volhard so in hulle wangedrag. Soet kinders en stout kinders is al twee iets heeltemal anders as liefdevolle kinders.

Dit is die verskil tussen die Joodse en heidense godsdiens. Dit is die twee kante van afgodsdienste. Afgodsdienst is godsdienstige of bygelowige goddeloosheid. Die bygeloof in afgodsdienst is die Jode en die goddeloosheid in afgodsdienst is die heidene. Maar al twee hierdie houdings, soet wees en stout wees, is deel van die mens se sondige geaardheid. Paulus beskryf hierdie sondige geaardheid in rom. 8: 7 en 8 so: "Die denke van die sondige aard is vyandskap teen God; dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. Wie in hulle sondige aard bly, kan God nie tevrede stel nie." Soet kinders stel God nie tevrede nie en stout kinders stel God ook nie tevrede nie, want al twee kom uit mense se sondige geaardheid, nie uit liefde vir God nie.

Die Joodse soet godsdiens is vyandskap teen God want hulle aanvaar nooit die manier waarop God hulle vir sy liefde reg maak en reg laat wees nie. Hulle glo dat hulle so soet is dat daar niks tussen hulle en God verkeerd kan wees nie omdat hulle hulself vir sy liefde goed en reg maak. Dit stel Paulus duidelik in Rom. 10: 3: "Omdat hulle die geregtigheid wat van God af kom, nie begryp nie, en probeer om hulle eie geregtigheid tot stand te bring, het hulle hulle nie onderwerp aan die geregtigheid wat van God kom nie." Soet kinders glo hulle sal met soetwees alles reg maak wat verkeerd is en so glo hulle nie in die liefde van hul ouers wat hulle met al hul verkeerdheid vir hul liefde regmaak en reg laat wees nie. Uit hul sondige aard weier Jode om te aanvaar dat die wet van God wys hulle kan nie hul self vir God se liefde reg maak nie.

Uit heidene se sondige aard maak hulle nie hulself nie maar God reg vir hul sonde. Hulle maak hul sondes en sondige begeertes die liefdes wat God in hulle wek en waarmee hulle God liefhet. (Gal, 2: 3 en 11)

So maak die soet Jode hulself reg vir God se liefde en heidene maak God reg vir hul sondige begeertes, al twee uit hul sondige geaardheid: al twee is met afgodsdienste besig, een met bygeloof en die ander met goddeloosheid.

3. Die middelmuur van skeiding tussen mense en God is die Tien Gebooie wat God met mag afdwing. En dan kom Jesus Christus en breek die middelmuur van skeiding tussen mense en God af, met sy liggaam: "en die middelmuur van skeiding, die vyandskap deur sy liggaam afgebreek het." (2: 14) en verenig Jode en heidene in een liggaam.

Die Here se liggaam aan die kruis het God se vyandskap teen Jode en heidene vernietig (2:15) en in sy liggaam is Jode en heidene met God versoen. In een liggaam met God versoen dui op die Here Jesus se menswees in die hemel vandag. Deur in sy menswees in die hemel ingesluit te wees deel Jode en heidene in die offer wat Hy vir alles sondaars is, die offer dat sy bloed wat vloei sy dood die straf is op ons sondes. (2:13) Deur met Hom in sy menswees, in die hemel vandag, sy liggaam, verenig te wees, deel ons in sy heiligheid as mens en is ons so heilig en onberispelik in God se liefde. (1: 4)

Die eenheid van die kerk van die Here is dat ons met een liggaam, die menswees van die Here Jesus in die hemel verenig is – ons is :die kerk wat sy liggaam is. (1:23) En die eenheid wat die Gees bewerk is dat heidene en Jode en die liggaam van die Here, sy menswees in die hemel verenig is – daarom een liggaam en een Gees.(4: 4)

Deur ons heilig te maak deur te deel in sy heiligheid as mens – neem Christus die eis van die Tien Gebooie dat ons deur gehoorsaamheid heilig moet word, weg. So breek Christus die middelmuur, die wet waardeur jy self heilig moet word, af. Ons is heilig en onberispelik vir God se liefde deur Christus se heiligheid as mens met Hom te deel, nie meer deur die Tien Gebooie te gehoorsaam nie.

So kan heidene die selfregverdiging van hulle sondige begeertes sonder die wet asof dit liefdes is los en Jode kan hulle selfregverdiging deur die wet te gehoorsaam los. Hulle kan hulle heiligheid in en deur die liggaam van Christus, sy menswees in die hemel saam glo.

So maak die Here Jesus heidene lewend vir God se liefde (2: 3 – 7) en red die Here ook Jode deur hulle geloof in hom as gawe te gee, wat nie uit die goeie werke volgens die wet kom waarmee die Jode tot vandag toe besig is nie. (2: 8, 9) Heidene los hulle selfgeregverdigte sondes en Jode hulle selfregverdigende gehoorsaamheid om deur hul vereniging met die liggaam van Christus en hul geloof in Christus vir God reg en heilig te wees. So is heidene en Jode nou een liggaam. Nie meer God se soet of stout kinders nie maar God se geliefde kinders wat deur sy vervulde liefde in liefde leef. (5: 1 en 2)

4. Ons staan wêreldwyd en daarom ook in die NG Kerk voor 'n nuwe soort spirituele vrede en eenheid. Dit sluit aan by 'n algemene gevoel dat mense moeg is vir kerklike twiste en gestryery. Die spirituele kontrak vir vrede is dat ons elkeen se spiritualiteit moet aanvaar: elkeen kan God op sy eie manier ervaar. Die nuwe spirituele eenheid is ons aanvaarding van die vryheid dat elkeen God op sy eie manier beleef.

Wat maak hierdie spirituele vrede en eenheid met die twee groepe soos Paulus dit uitwys as heidene en Jode? Die heidene wat hul self reg maak deur hul sondes volgens God se wet hul liefdes te maak en die Jode wat hul self regmaak deur God se wet te gehoorsaam deur hulle bekerings, hulle oorgawes aan God, hulle liefde vir God en hulle lewe in die krag, mag, gesag en lewe van God.

Hoe raak hierdie twee groepe spiritueel een? So! Jode moet heidene se belewenis dat God hulle sondes wat hulle as liefde glo, seën, aanvaar as 'n geldige spiritualiteit en heidene moet Jode se belewenis aanvaar dat hulle vir God reg is omdat hulle

God reg liefhet volgens God se wet. Deur mekaar so spiritueel te aanvaar kan hulle een spirituele gemeenskap wees wat in vrede met mekaar leef.

Wat is fout met hierdie spirituele vredesverdrag en eenheid? Hulle maak of die middelmuur van skeiding en vyandskap tussen mense hulle gesindheid en houding teenoor mekaar oor die verskille van spiritualiteit, ras, kultuur, taal, volk en nasie is. Hulle maak of mense self die middelmuur van skeiding kan afbreek met spirituele vriendelike verdraagsaamheid teenoor mekaar. Maar volgens die Woord van God is God self die middelmuur van skeiding, nie verskille oor spiritualiteit, ras, kultuur, taal, volk en nasie nie. Die heidene se afgodsdien was 'n wêreldwye multikulturele geestelikheid en net so was die Joodse godsdien ook 'n wêreldwye multikulturele geestelikheid. (Hand. 2: 7 -11)

God wat met mag sy wet op mense afdwing is die middelmuur van skeiding en vyandskap tussen God en mense. (2: 14, 15) God wat sy wet met mag afdwing veroordeel heidene wat hulle sondes as hulle liefdes beleef en Jode wat hulle liefde vir God as reg en goed beleef. Mense wat grense tussen godsdienste, tale, kulture, rasse, volkere en nasies afbreek, kan nie God as middelmuur van skeiding afbreek nie. Net God kan die middelmuur van sy wet afbreek deur Homself die Middelaar te maak en dit doen Hy net in en deur Jesus Christus, nie mense se spirituele aanvaarding van mekaar nie. (1 Tim. 2: 4 – 6)

5. Christus is die eenheid van sy kerk wat sy liggaam is. Hy vervul die kerk met die volheid van wie Hy vir sy kerk is. (1: 22, 23; 1: 1 -14) Heidene word met God versoen omdat hulle verenig word met wie Christus as mens in die hemel is. So is hulle ten spyte van hulle sondige begeertes vir God se liefde reg en heilig: “Toe ons magteloos was, het Christus immers op die regte tyd vir goddeloses gesterf.” (Rom. 5: 6) Jode word met God versoen ook deur hulle in te sluit en te verenig met wie Jesus Christus vandag as mens in die hemel is. So maak die Here Jesus heidene en Jode heilig en onberispelik vir God se liefde. (Efe, 2: 4 – 6)

Dit is die wyse waarop die Here Jesus “albei in een liggaam met God versoen deur die kruis, deurdat Hy die vyandskap vernietig het.” (2:16) Omdat Christus ons vir God se liefde reg en heilig maak, het Hy God se vyandskap dat nie of Jode of heidene volgens God se wet reg en heilig vir sy liefde is nie, vernietig.

In hierdie eenheid met die liggaam van die Here, los Jode hulle bekering, vroomheid, toewyding en oorgawes as hulle manier om hulle vir God se liefde te heilig en los heidene die regverdiging van hul sondes om vir God heilig te wees. In hierdie gelowige toekeer tot Jesus Christus, weg van eie vroomheid en sondige liefdes, bewaar hulle wat Jode en heidene was, die band van vrede – God se vrede met sondaars, en deur hierdie geloof leef hulle in die vrede van een liggaam en een Gees, een hoop om reg en heilig te wees, leef hulle in die geloof in een Here, een geloof en een doop. Leef hulle in die liefde van een God en Vader van almal. (4: 3 - 6)

Die eenheid van die liggaam van Christus word geskeur deur hulle wat in die kerk Jode wil wees – hulleself vir God se liefde wil heilig en regverdig deur hulle bekering, oorgawes en toewydings volgens God se wet. Die eenheid van die liggaam van die Here word verskeur deur hulle wat in die kerk heidene wil wees – hulle wat in die

kerk nog steeds hul sondes as hul liefdes wil glo. Want so skeur vromes en losbandiges hulle los van die menswees van Jesus Christus in die hemel.

Wat noem 'n mens die besluit wanneer Jode moeg gestry is om heidene te bekeer van hulle losbandigheid en heidene moeg gestry is om Jode te bevry van hulle skynheiligheid, en besluit om 'n godsdienstige vrede met mekaar vrede te sluit? Dit is net 'n wapenstilstand maar nooit die eenheid en vrede van die liggaam van die Here nie. Die het hulle klaar geskeur met hulle vroomheid en liefdes.

6. Jode en heidene wat saam besluit om in vrede met mekaar te leef en om gesamentlike aanbiddingsgeleenthede te hou, skep nie die liggaam van Christus deur hulle ooreenkomste, konsensusse of kompromieë met mekaar nie.

Wat se plek het gelowiges in hierdie vrede en eenheid? Want ons het ons bekerings, vroomheid, oorgawes en toewydings om volgens God se wet reg en heilig vir God se liefde te wees, uitgelos en hou net aan Christus daarvoor vas. Ons het geen plek in 'n godsdienste waarin mense hulle deur God se wet vir sy liefde reg maak nie. Hulle gaan ons as gelowiges veroordeel as mense wat nie wedergebore is nie, nog nie 'n verhouding met God het nie en as vleeslike christene wat nog nie geesvervuld is nie.

Ons as gelowiges het opgehou om ons begeertes as ons liefdes te glo en leef in die geloof dat ten spyte van ons sondige begeertes is ons deur Christus se liggaam reg en heilig vir God se liefde. (Efe. 2: 3, 11, 4: 17 – 24) Ons het geen plek in spirituele gemeenskappe wat hul sondige begeertes as hul liefde glo nie. Hulle gaan ons as gelowiges veroordeel as liefdeloos, mense wat net veroordeel en nog die spirituele volwassenheid van ware liefde beleef nie.

Die liggaam van Jesus Christus het geen plek in die spirituele vrede en eenheid wat Jode en heidene met ooreenkomste en kompromie sluit nie. Want die bekeerdes glo nie hul eenheid met die menswees van Christus in die hemel nie maar beleef Jesus as 'n goddelike gees in hulle. Net so glo heidene ook dat God in hulle is (panenteïsme) en hulle die krag vir hul sondige liefde gee.

So het die Here wat vandag nog steeds mens van vleis en bloed is (Luk. 24: 39, 40, 45 -48) geen plek in spirituele organisasies waarin hulle wat hulself vir God reg maak of hul sondes as hulle liefde uitleef nie. Hulle het juis so hul van die liggaam van die Here losgeskeur en wil buite die eenheid van die liggaam van die Here spirituele eenheid en vrede met mekaar skep – soos deur gesamentlike aanbidding van God.

Wanneer Christus ons Middelaar (1 Tim. 2: 5.6) die wet van God as middelmuur van skeiding wegvat om ons deur sy liggaam heilig en reg vir God se liefde maak, maak Hy mense van hul selfregverdigende bekerings en vroomheid los en maak Hy ook mense van hul selfregverdiging sondes los om sy liggaam te wees. Hierdie vrede en eenheid kan nie deur mense se spirituele kontrakte of organisasie met mekaar geskep word nie. Net Christus alleen maak ons, mense met Joodse en heidense neigings in ons (Rom. 8: 5 – 11) sy liggaam. Ons is nie die Here se soet of sy stout kinders nie. Ons is sy geliefde kinders. (Efe. 5: 1 en 2)